



# 3 is GENOEG

'n saam-glo dissipelskap gesprek

Biduur: 9 - 15 Junie 2019

## 3 STAPPE

'n 3iG-groep is saam-glo groep wat deur bid, groei en dien Jesus dieper volg. Drie mense wat kies om saam te bid, saam te luister en saam ons geloof te leef.

## 2 ANDER

Dit is slegs ek en 2 vriende wat spontane groep vorm. Dit kan egter ook uit meer as drie mense wees: ons familie of vriende of kollegas of mense in die gemeente.

## 1 GESPREK

Ons maak weekliks met mekaar kontak (deur koffie-afspraak of telefonies) rondom die gefokusde saam-gesels van die week. Die leier wat elke week wissel-sorg dat ons mekaar daardie week sien.

### saam B.I.D

Ons vind nie tyd vir gebed nie, ons maak dit.

#### B.I.D. staan vir:

**B:** Bely teenoor God Wie Hy vir jou is én bely ook jou gesukkel vir Hom.

**I:** Intree vir ander ( bv. Jou 3iG-lede, jou familie, wêreld, ens.).

**D:** dankie-sê, maak daagliks jou dankie-lys en dank God daarvoor.

**LEWENS-LEUSE:** Bely ook elke oggend en aand **1 Kor. 9: 23** se waarheid:

“Dit alles doen ek ter wille van die evangelie, sodat ek aan die vrug daarvan deel kan hê.”

Laat toe dat Heilige Gees jou verander deur die Bybel gedeelte en ander se insette. Handeling 2: 1 - 21 is 'n diep stuk wat ons leer hoe vakleerlinge van Jesus leef. Lees elke dag **Handeling 2: 1 - 21** (oorweeg dit om elke dag dié verse in 'n ander vertaling te lees) weer stadig én oordink dan en luister wat sê dit vir jou oor God, oor jouself en oor wat die Gees van jou vra om te doen of selfs ophou om te doen. Laat jou siel vir die res van die dag daarin marineer.

Let fyn op watter gedeeltes elke keer met jou praat en wat die rede agter dit is.



Ons lees nie die Bybel nie, ons laat die Bybel ons lees.

### saam GESELS

Jesus verwag van ons minder nastaar (admiration) en meer naleef (imitation.)

1. Wat was vir jou hoogtepunte die week én waarmee het jy gesukkel? Deel met mekaar dit wat vir jou in Handeling 2:1-21 ontmoeting uitgestaan het. 1. Hoe sal jy die Heilige Gees aan iemand anders beskrywe? Wees prakties. 2. Wat dink jy is Petrus se doel met die aanhaling uit Joël 2 in verse 17, 18? Wat leer ons hieruit oor die werking van die Heilige Gees in Jesus volgelingen se lewens? 3. Watter lig werp Johannes 14:23 op die betekenis van die uitstorting van die Heilige Gees? 4.

Bespreek die volgende stelling:

Die Heilige Gees is gestuur om elke mens wakker te soen, wakker om vir Jesus te lief te hê en Hom te volg. Opdrag: Bid elke oggend die gebed van die vroeë kerk: Kom, O Heilige Gees, kom! Kom as Heilige Vuur en brand in ons. Kom as Heilige Wind en waai ons skoon. Kom as Heilige Lig en lei ons. Kom as Heilige Waarheid en leer ons. Kom as Heilige Liefde en omvou ons. Kom as Heilige Krag en inspireer ons. Kom as Oorvloed lewe en oorstrom ons. Verander ons, vorm ons totdat ons heeltemal word soos God wil. Kom, o Heilige Gees, kom!

Geloofsgewoonte: **Gasvryheid.** Hierdie geloofsgewoonte skep 'n warm, hartlike tuiste waar vriend en vreemdeling met die liefde van Jesus omarm en liefdevol aanvaar word. Deur hierdie geloofsgewoonte word genade vryelik uitgedeel. Lees hieroor in **Romeine 15: 7; Markus 12: 30-31; Hebreërs 13: 1-2 en Johannes 14: 1-3.**



Eers vorm ons gewoontes en dan vorm die gewoontes ons.

#### Doen-dinge:

1. Ontwikkel die gewoonte om vir mense wat jy na jou huis toe nooi, te bid. Bid dat hulle in die wyse waarop jy hulle in jou huis ontvang, hulle iets van die warm-verwelkomende liefde van die Here sal ervaar. Skryf hierdie gebed op 'n kaartjie en gee dit vir jou besoekers.
2. Wees spontaan en hartlik. Fokus op die vreugde van saam-wees en leer om dit te vier.
3. Ontvang besoekers by die deur. Wys die egte vreugde oor hulle aankoms. Onthou om by hulle vertrek, hulle weer af te sien.

#### Dink-dinge:

1. Dink terug aan 'n tyd toe mense jou hartlik verwelkom en vriendelik ontvang en so laat tuiskom het. Hoe het dit jou laat voel?
2. Dink daarvoor na oor wat dit beteken om 'n goeie gasheer en -vrou te wees.
3. Dink aan goeie rolmodelle van gasvryheid.